e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

26 Mei 2011
Jaargang 4 – Uitgawe 16

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Kommentaar
- Advertensies
- Agterblad

Teken in op *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Besoek die webwerf by **www.hervormer.co.za** en kliek op die "Teken in"-opsie; of
- stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

Deernis in 'n digitale wêreld

Waar daar liefde is, en deernis, waar daar liefde is, daar is God die Heer. **(Gesang 526)**

Deesdae is dit eerder 'n droom as 'n straf vir 'n tiener om gehok te word of vir 'n dag lank in die kamer te sit. *Gehok wees* beteken nie *afgesny wees van die buitewêreld* nie. Inteendeel, dit skep net meer geleenthede, meer tyd vir kontak.

Dit is egter nie net tieners wat die voordele van ons digitale wêreld gebruik nie; ek en jy is deel van hierdie leefwêreld. Die kuberruim gons behoorlik soos mense met mekaar gesels en inligting deel. Facebook, Twitter, BBM, Mxit, LinkedIn, Skype en *blogging* is net 'n paar van die gonswoorde wat ons oral hoor. Volgens statistieke is daar 630 miljoen Facebook-gebruikers wêreldwyd. Dis 1 uit 12 mense. Dis die nuwe sosiale media en dis hier om te bly.

Die positiewe kant van ons digitale wêreld is dat niemand uitgesluit hoef te voel nie. Mense kan kontak met mekaar hê en deel wees van mekaar se wêreld en ervarings. Die negatiewe kant is dat ons hele lewe deel is van 'n enorme sosiale netwerk. Waar begin ons persoonlike ruimte en bestaan dit hoegenaamd? Wat van respek vir mekaar se menswees? Dit is wonderlik om duisende Facebook-vriende te hê of honderde BBM-kontakte, maar daar is tye in almal van ons se lewens wanneer ons fisieke kontak nodig het. Wanneer dit nodig is om iemand in die oë te kyk, aan die hand te vat, werklik te luister en ongehinderd te praat.

Ons uitdaging te midde van hierdie digitale wêreld is om die woorde van Gesang 526 te laat realiseer. Waar daar liefde is en deernis, waar daar liefde is, daar is God die Heer. Ons sosiale netwerke bring ons in kontak met mekaar en maak ons bewus van mekaar se nood. Ons kry 'n kykie in mekaar se lewe. Dit skep geleentheid om persoonlike opinies weer te gee. Ons het die geleentheid om sinvol met mekaar te kommunikeer.

Lees ek egter sommige van die menings op Facebook-blaaie waar ons Kerk se lidmate en ander gelowiges saampraat, kry ek nie die indruk dat ons altyd die woorde van Gesang 526 in gedagte hou nie. Wanneer ek 'n opinie die kuberruim instuur, is die ontvangers daarvan nog steeds mense, mense van vlees en bloed. Mense met harte en mense wat seerkry. Persoonlike aanvalle en etikettering getuig geensins van respek vir mekaar se menswees nie. Ek het die reg om my opinie te huldig, maar nie ten koste van iemand anders nie.

Die digitale wêreld kan ons in kontak met mekaar bring sodat ons bewus kan wees van mekaar se lief en leed. Dit is nie noodwendig 'n slegte ding nie. Ons moet egter ook 'n stappie verder gaan en hierdie hulpmiddels tot ons beskikking positief gebruik om by mekaar betrokke te raak. Betrokke met 'n oproep, 'n koffiedrink, 'n gewillige oor of 'n hand wat uitreik. Só leef ons die liefde en deernis van God.

Dr Sanrie de Beer

*** Volgende week se *e-Hervormer* verskyn op Woensdag 1 Junie, omdat Donderdag Hemelvaart is en die Sinodale Kerkkantoor dan gesluit is. Bydraes moet dus reeds voor 08:00 op Dinsdag 31 Mei gestuur word aan **produksie@nhk.co.za**.

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk **www.nhk.co.za**
Die Hervormer **www.hervormer.co.za**
e-Hervormer **www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, kliek op **www.hervormer.co.za/cancel.html**

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhk.co.za** te plaas. Onthou asseblief dat 'n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Fanie Pretorius by 012 322 8885 x256 in dié verband.

Ds Werner Olivier



Ds Jasper van der Westhuizen

Beroep ontvang

- **Ds Werner Olivier,** deeltydse predikant van Zimbabwe, na Eendracht

Beroep aanvaar

- **Ds Jasper van der Westhuizen** van Hendrina/Breyten/Carolina na Vryburg

Beroep bedank

- **Ds Jasper van der Westhuizen** van Hendrina/Breyten/Carolina na Ermelo-Suid

Vakante standplase

- Aansoeke vir die vakante **volsorgstandplaas** van **Gemeente Bothaville** word ingewag. Die versorging is volgens die 5-6-jaar-skaal met reiskoste in ooreenstemming met die Kerk se riglyne. Belangstellende predikante van die Kerk kan hul name en verkorte CV's aan die skriba stuur voor of op **31 Mei 2011** by **doutie@vodamail.co.za**.

- Aansoeke vir die vakante **deeltydse standplaas** van **Gemeente Overwacht** word ingewag. Onverwacht is 'n groeiende plattelandse gemeente in die Bosveld, met 'n sterk industriële gemeenskap. Daar word heelwat uitbreidings verwag met die nuwe kragstasie wat in aanbou is. Onverwacht is deel van die ring van Potgietersrus.

  Die gemeente het in Februarie 2011 uit ± 650 lidmate (406 belydende lidmate) bestaan. Die gemeente is ingedeel in 37 wyke met ongeveer 200 besoekpunte. Oor die algemeen is die kerkbesoek met eredienste goed en die Kinderkerk word ook goed bygewoon. Betrokkenheid by ander gemeentelike aktiwiteite soos die karnaval en ander fondsinsamelings is redelik. Finansieel is die gemeente selfversorgend. Naas die standplaas met deeltydse versorging word die gemeente tans deur ds Coenraad Strydom in die voltydse standplaas bedien.

  Naas Woordverkondiging – 1 erediens per maand – en bediening van die sakramente, moet die kandidaat ook betrokke wees by die Kinderkerk, laerskooljeug, bejaardebediening en die Kerk se diensgroepe. Werkverdeling tussen die predikante in die gemeente geskied volgens 'n bedieningsplan wat jaarliks deur die ouderlingevergadering opgestel word.

  'n Mededingende vergoedingspakket sal onderhandel word. Die **sluitingsdatum** vir aansoeke is **18 Junie 2011.** Vir die voorgeskrewe aansoekvorm en ander inligting, kontak Hanlie Thirion (kerkkantoor) voor 13:00 by 014 763 4944 of per e-pos by **admin@onverwachtgemeente.co.za**, of ds Coenraad Strydom by 084 506 1917, 014 763 2595 of **coenstrydom@lantic.net**.

Dr Johan Steenkamp

PREDIKANTE EN GEMEENTES

- **Dr Johan Steenkamp** is Sondagoggend 22 Mei in 'n motorongeluk oorlede. Hy was op pad tussen Northam en Thabazimbi toe die bakkie se wiel gebars en dit

gerol het. Hy is op slag dood. Nog een van die insittendes, diak Werner Fourie van Gemeente Outeniqua, is oorlede, en oudl Dawie Fourie van Gemeente Montana-Oos is in 'n kritieke toestand in die hospitaal. Dawie Fourie (jr) het geringe beserings opgedoen.

Dr Steenkamp het in Maart geëmeriteer, nadat hy 27 jaar lank predikant was in Gemeente Montana-Oos (voorheen Poort). Hy het ook vroeër gemeentes Leeudoringstad en Ogies bedien.

Die teraardebestelling is op **Vrydag 27 Mei om 09:00** in die begraafplaas van Pretoria-Oos, en die **roudiens om 11:00** in die kerkgebou van Montana-Oos.

Ons bid dr Steenkamp se vrou, Ina, sy seuns, Jaap, Koos en Herbert, en die res van die familie die Heer se troos toe. *(In die Julie 2011-uitgawe van* Die Hervormer *sal 'n volledige teks oor dr Johan Steenkamp geplaas word.)*

Ds Arnold Viljoen

- **Ds Arnold Viljoen** van die kombinasie Tsumeb/Grootfontein, wat die afgelope twee maande in 'n kritieke toestand in 'n hospitaal in Windhoek was, het Dinsdagaand 24 Mei sy stryd verloor. Die afgelope dae het hy operasies ondergaan en sy toestand het drasties versleg. 'n Roudiens sal waarskynlik Sondag in Windhoek gehou word. Di Milankie en Barnie van der Walt en ds en mev Hans Britz het ds Viljoen se vrou, Karien, die afgelope tyd getrou bygestaan.

Ds Viljoen het voorheen Gemeente Joachim Prinsloo bedien. Hy was 'n stil, saggeaarde mens en 'n fyn teoloog, en was nooit baie gesond nie.

Die Kerk se voorbidding word vir Karien en hul dogtertjie gevra.



Ds Louis en Linda Pienaar

- Die huldigingsdiens van **ds Louis Pienaar** is op Maandag 23 Mei in die Dienssentrum van Ons Tuis gehou. Inwoners van Ons Tuis, waar ds Louis dikwels gepreek het, en lidmate van Gemeente Pretoria, waar hy 'n benoemingspos beklee het, was onder meer teenwoordig. Dr Christo van der Merwe, 'n vriend van die gesin, het die erediens gelei. Ds Dries Beukes het 'n treffende huldeblyk namens die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (AKV) en die Kerk gelewer.

Ons bid Linda en hul kinders God se troos en seën toe.

Ds Paul Jooste

- **Ds Paul Jooste** is steeds in die hospitaal nadat hy ernstig siek geword het. Daar is 'n geringe verbetering maar sy toestand is steeds ernstig. Sy predikant, ds Dries Beukes, besoek hom gereeld en vir eers word ander predikante gevra om hom nie te besoek nie. Voorbidding word vir sy vrou, Bettie, hul kinders en kleinkinders gevra. Ons bid hom spoedige herstel toe.

- **Mev Corrie Meyer**, vrou van emerituspredikant ds Sakkie Meyer wat tans as pastorale hulp vir Gemeente Vanderkloof optree, het verlede Vrydag 'n groot nekoperasie ondergaan in die Bloemfontein Medikliniek. Sy was geruime tyd in die hoësorgeenheid. Ons bid haar algehele herstel toe.

- **Die volgende predikante verjaar tot 3 Junie**, en word hartlik geluk gewens.

  - Donderdag 26 Mei: Di Jackie Dippenaar (Oos-Moot) en Piet Viljoen (siekte-emeritaat)
  - Vrydag 27 Mei: Ds Piet Steenkamp (Saffierkus)
  - Sondag 29 Mei: Di Paula Eksteen-Erasmus (Midrand) en Ben van Staden (emeritus)
  - Maandag 30 Mei: Ds Louis Nel (emeritus)
  - Dinsdag 31 Mei: Ds Gert van Staden (Ringsbenoeming Bothaville)

Ds Buks van Heerden

- **Ds Buks van Heerden** van Gemeente Harrismith aanvaar op Sondag 29

Mei emeritaat. By die geleentheid sal sy kollega en vriend, ds Dries Beukes, visevoorsitter van die Kommissie van die AKV, groete en dank aan ds en mev Alta van Heerden oordra vir hul werk in die Kerk oor jare. Die egpaar gaan hulle op Harrismith vestig. Ds Van Heerden was vir jare Weermagkapelaan maar het ook die gemeentes Otjiwarongo/Outjo. Premiermyn, Turffontein, Swartkop en Zimbabwe bearbei. Hy was die laaste voltydse predikant van Zimbabwe.

- Die volgende predikante behoort ook nog **vanjaar te emeriteer**: Prof Lourens Steenkamp (Augustus); ds Jan de Wet (Augustus); ds Jan van Immerzeel (Augustus); ds Piet van der Merwe (Oktober); ds Pieter Pretorius (November); dr Barry van Wyk (November); en prof Theuns Dreyer (Desember). **Aanstaande jaar** emeriteer net twee predikante. Ds Louis Pienaar wat verlede week oorlede is, sou ook in 2012 geëmeriteer het.

- **Gemeente Germiston** vier die komende naweek hul **Eeufees**. Onder leiding van ds en mev Johan Ayres is die gemeentestandplaas wat in 'n stadium gewysig moes word na deelversorging, weer uitgebou na volledige versorging. Dit het toegewyde werk geverg, aangesien die gemeente ook vasgevang is in die probleem van die ontvolking van die middestad. Vorige predikante van die gemeente sal die geleentheid bywoon en 'n inset lewer.

- **Gemeente Alberton** het besluit om weer hul deeltydse standplaas te vul. Die kerkraad en die predikant, ds Pieter Viljoen, berei nou voor om te beroep.

- **Gemeente Hartebeeshoek** het besluit om een van sy volledig versorgde standplase op te hef na die vertrek van hul twee predikante, ds Janine Bevolo-Manders en dr Gerhard Nel. Die gemeente se aansoek dien tans by die Ringskommissie en die Kommissie van die AKV. Die gemeente se lidmaattal daal steeds weens demografiese omstandighede. Die kerkraad besin tans deeglik oor die bearbeiding van die gemeente.

- **Gemeente Montana** doen beplanning rondom hul derde standplaas en die moontlike vulling daarvan. Intussen is by die Ringskommissie van Noordelike Pretoria uitstel gevra vir beroepswerksaamhede.

- **Gemeente Verwoerdburg** se standplase is almal gevul na die bevestiging van ds Wouter van Wyk op Sondag 22 Mei. Dr Jan Vorster het die vorige naweek van die gemeente afskeid geneem en is nou predikant van Olifantsfontein. Dr Jaco Beyers is intussen ook ontvang as pastorale hulp van die gemeente.

- Die Kommissie van die AKV het aan predikante en gemeentes kennis gegee dat 'n **buitengewone sitting van die 69ste AKV** sal plaasvind op 4 en 5 Oktober 2011. Predikante en gemeentes moet asseblief die datum aangeteken. Die formele oproep tot die vergadering kan eers geskied nadat die Kommissie van die AKV by sy vergadering op 9 en 10 Junie 2011 die agenda vasgestel het. Volledige inligting sal aan kerkrade deurgegee word oor afgevaardigdes wat kan sitting neem. Hou dus asseblief u navrae terug totdat u die oproep ontvang het.

- Die **Voortgesette Teologiese Toerusting vir Predikante** (VTT) van **7 en 8 Junie** vind **nie meer by Gemeente Villieria plaas nie maar wel by Gemeente Wapadrant.** Kontak mev Betsie Brits by 012 420 5393 of **betsie.brits@up.ac.za** vir meer inligting.

- **Preekbeurte in Coligny.** Predikante kan by Gemeente Coligny preek en gratis verblyf vir die naweek in 'n toegeruste selfsorgeenheid in 'n veilige kompleks kry. Die verblyf is vir die predikant en sy/haar gesin. Kontak oudl Oelof Vorster by 084 206 9523 of Jan Jordaan by **jsjordaan@telkomsa.net**.

- **Preekbeurte in Dullstroom.** Predikante kan by Gemeente Dullstroom preek en

gratis verblyf vir die naweek kry. Die verblyf is vir die predikant en sy/haar gade en ’n voorskoolse kind. Vir ander kinders moet self betaal word. Kontak Johanna by **nhkdullstroom@yahoo.com** of 072 116 3353.

- **Gemeente Wonderboompoort** beskik oor **studenteblyplek in Eloffsdal**, Pretoria. Kamers met gesamentlike badkamer teen R900 per persoon wat deel, R1 500 per enkeling. Kamers met en suite-badkamer en stoorkamer teen R1 200 per persoon wat deel, R2 000 per enkeling. Water en ligte en veilige parkering is ingesluit. Dit is op ’n busroete, 5 km vanaf Kerkplein, 2 km van die Eugene Marais-hospitaal, naby die universiteite. Kontak Johan by 082 212 2137.

Spesiale eredienste en feesnaweke

- **Vrydag 27 tot Sondag 29 Mei: Gemeente Germiston**: **Eeufees**
  Kontak ds Johan Ayres by **johanayres@absamail.co.za** vir meer inligting

- **Vrydag 27 tot Sondag 29 Mei: Gemeente Drie Riviere: 50ste verjaardag**
  Vrydag: Kuier rondom woonwaens en tente
  Saterdag: Basaar
  Sondag: Nagmaal
  Kontak ds John Putter by **jdputter@vodamail.co.za** of 016 423 3413
  of mev Santie Rossouw by **nhk3riviere@mwebbiz.co.za** of 016 423 5405

- **Saterdag 28 Mei om 10:30: Erediens voor Comrades-maraton**
  The Mystrals by die ICC Durban
  Al die hardlopers en ondersteuners hartlik welkom
  Navrae aan ds Anneke Viljoen, Gemeente Pinetown, by 073 396 3579

- **Donderdag 2 Junie: Hemelvaart: Aanderediens 18:30**
  Gemeente Wonderboompoort
  hv Mansfieldlaan en Eloffstraat, Eloffsdal
  Kom in informele werksklere of gemaklike warm klere
  Sop en broodjies in die saal na die diens

Toere

- **28 Junie tot 12 Julie: Griekeland (hoofland) en Turkye**
  Geniet 3-dae-bootvaart na Griekse eilande
  Kontak **ds Larry van der Walt** by 082 666 0261 of **larry@newtestament.co.za**

- **25 Julie tot 3 Augustus: Amanzimtoti**
  Gemeente Noordwestelike Pretoria se Goue Oues
  R2 400 per persoon (2 etes per dag)
  Beperkte plekke beskikbaar
  Kontak Sarel Benadé by 012 379 8740 of 082 838 0042

- **26 tot 30 September: 2011 *Konteks*-toer na Laeveld**
  Onder leiding van **dr Hennie van Deventer**
  Skakel dr Van Deventer (toerleier) by 082 786 8448
  of Marius Wiese (toergids) by 082 374 2995

Konserte tot einde Junie 2011

- **Woensdag 1 Junie: Gemeente Swartkop: *Super Troupers***
  Barnyard, Menlyn
  20:00 (deure open 18:30)
  R125 per persoon
  Volle tafels asook galery- en terraskaartjies

Kontak kantoor by 012 654 3471 (08:00 tot 13:00)
of Leonie Prinsloo by 083 293 0809

- **Vrydag 3 en Saterdag 4 Junie: Gemeente Van der Hoff (Groblersdal)**
  Die vallei het talent
  Vrydagaand uitdunne en Saterdagoggend finaal
  Kerkterrein, Voortrekkerweg, Groblersdal
  Toegang gratis – genoeg te eet en drink!
  Kontak Kobus Ehlers by 082 692 9809

Sportbyeenkomste tot einde Junie 2011

- **Saterdag 28 Mei: Gemeente Derdepoort: Gholfdag**
  Mooipoort
  American Scramble 4 x 2-bal
  Spelers en borge welkom
  Kry meer inligting by **mej@mweb.co.za**

- **Saterdag 25 Junie: Gemeente Naboomspruit: Gholfdag**
  Naboomspruit-gholfklub
  Borgskap vir bowwe R1 000
  Borge vir pryse en verversings welkom
  Inskrywings per speler R150
  Aandetes vir spelers en hul gades
  Kontak gemeentelike kerkkantoor by 014 743 1325
  of Karin Prinsloo by 082 486 8219

Ander kompetisies en fondsinsamelings tot einde Junie 2011

- **Gemeente Bergsig: Wen naweek by Mount Amanzi Game Lodge**
  Vraag: *Hoe ver vanaf Naboomspruit is die Lodge geleë?*
  Mount Amanzi Game Lodge is 22 km wes van Naboomspruit
  en 175 km noord van Pretoria
  Daar is 15 selfbediening-chalets, ’n trouvenue, swembaddens, ens
  R20 per inskrywing
  Sluitingsdatum 11 Junie
  Kontak Marie by 082 402 4170

- **Gemeente Laeveld: Jagkompetisie**
  1ste prys: buffelkoei (volbordpakket – alle kos en drank, voertuie,
  akkommodasie vir 5 nagte, afslag ingesluit)
  2de prys: leeuwyfie (volbordpakket soos hierbo)
  3de prys: elandkoei (akkommodasie vir 6 persone vir 2 nagte)
  R50 per kaartjie (koop 10 en kry 1 kaartjie gratis)
  Sluitingsdatum 26 Junie
  Kontak ds Gerhard Viviers by 073 900 9190 of 015 309 9580

Basaars en markte tot einde Junie 2011

- **Gemeente Delareyville: Wenners van Genl Delareyfees**
  1ste prys: Charles Olivier
  2de prys: Tinus du Plessis
  3de prys: Hein Moolman
  Dankie aan almal wat deelgeneem het!

- **Vrydag 27 Mei: Gemeente Klerksdorp-Doringkruin: Basaar en Koorfees**
  Van 08:00 tot 20:00

Begin met ontbyt vanaf 06:00, sluit af met aandete vanaf 18:00
Koorfees vanaf 13:30, onder vaandel van ATKV
22 deelnemende kore
Gebruiklike basaarlekkernye
Wen tollie of R5 000 kontant vir R5, trekking tydens basaar
Kontak Roenie van Zyl by 082 458 1257, dr André Ungerer by 082 940 8201 of kerkkantoor by 018 468 5545

- **Vrydag 27 Mei om 13:00: Gemeente Delmas: TV-basaar**
  Sarel Celliers-straat, Delmas
  Navrae aan Heleen Bekker by 013 665 2679

- **Vrydag 27 en Saterdag 28 Mei: Gemeente Wonderboom-Suid: Basaar**
  10de Laan 920, Wonderboom-Suid
  Vrydagaand: Kosverkope vanaf 16:30
  Saterdagoggend: Basaar vanaf 08:30, tema *Rugby*
  Trek rugby aan en kom kuier saam!
  Kontak Daleen Smith by 073 229 3814 of **dsmith@webmail.co.za**

- **Vrydag 27 en Saterdag 28 Mei: Gemeente Losberg: Basaar**
  Baie te eet, vleis en interessante tierlantyntjies te koop
  Teetuin, en outydse foto's sal geneem word
  Kinderfotokompetisie
  Saterdagoggend ontbyt
  Skakel dr Ernest Marran by 082 444 1089

- **Saterdag 28 Mei: Gemeente Lichtenburg: Countryfees**
  Die Campbells – gratis vertoning
  Veiling van waardevolle items en versamelstukke
  Vermaak vir kinders – tombola, glybaan, springkasteel, ens
  Stalletjies met tuisgemaakte items en eetgoed
  Kompetisie – wen met R20
  R15 000; vakansie in Margate vir 5; jagpakket in Kalahari; skottelgoedwasser; sweismasjien; verrassingsgeskenk
  Kontak Izak Smit by 082 879 9550 of **i.smit@argosa.co.za**,
  Willie Manders by 018 632 4830 of **williemanders@arestan.co.za**,
  of ds Gerrie Senekal by 082 576 1141, 018 632 2658 of **gcsenekal@nhk.co.za**

- **Saterdag 28 Mei: Gemeente Krugersdorp: Familiefees**
  Met Pieter Koen – kaartjies R45
  Verskeie kos- en kunsstalletjies, aktiwiteite vir jong kinders
  Kontak Ella by 083 728 6325 of **nhkkrugersdorp@zonetech.co.za**

- **Saterdag 28 Mei vanaf 08:00: Gemeente Schoemansdal: Bosveldbasaar**
  Hoofkunstenaars Jay van Eden om 11:30 en Steve Hofmeyr om 13:00
  Gratis vertoning, meer as genoeg kos
  Kontak 012 253 0146 (08:00 tot 13:00) of 083 536 1430

- **Saterdag 28 Mei van 08:00 tot 14:00: Gemeente Benoryn: Gemeentefees**
  70ste verjaardag
  Verskeie stalletjies
  Kontak Annette van der Merwe by 011 849 1179

- **Vrydag 3 en Saterdag 4 Junie: Gemeente Klerksdorp-Oos Môrester: Basaar**
  Die wilde weste kom Klerksdorp toe!
  Hulle laat Ouma se plaaskombuis herleef
  Geniet allerhande tuisgebak maar veral hul grootmaat pap en kaiings
  Môrester se pap en kaiings is tydens Aardklop 2003 bekendgestel!
  Vlooimarkstalletjies, hope pret en vermaak, speletjies en tombola
  Kontak ds Stephan Botha by 018 462 9437

- **Saterdag 4 Junie: Groot Marico Safarikarnaval**
  Organies voorbereide vleis teen groothandelpryse
  Baie kos en handwerkstalletjies
  Koop kaartjie vir R100 en wen dalk ’n 1984 Porsche 944
  Van 09:00 tot laat sang van Riaan Grobler, Ruan de Waal, Chrizaan, Ursula, Marula Boom, Lee Scott, Jomari en Armand Hofmeyr
  Toegang gratis
  Kontak ds Willem Sauer by 079 699 1237
  Besoek **www.maricosafarikarnaval.co.za**

- **Saterdag 4 Junie vanaf 09:00: Gemeente Kathu: Kameeldoring-karnaval**
  Met Kurt Darren
  Kompetisie R100 per kaartjie
  Wen 7-voet Venter-waentjie; dubbeldeur yskas-vrieskas-kombinasie; patio-gasbraaier; Sony Playstation 3; of potspeltafel
  Kontak Rita Kern by 083 328 4465, Buna Schmulling by 082 463 8367 of ds Joseph Steÿn by 084 502 4829

- **Saterdag 4 Junie: Gemeente Wesmoot: Karnaval**
  By Makro Wonderboom
  Uitstallings van karre, promosies, narre, kunstenaars en springkastele
  Nasionale armdrukkompetisie links en regs (R50 inskrywingsfooi per arm)
  Wen met R20
  1ste prys: Koedoe wat jy self kan skiet of laat skiet
  2de prys: Rooibok
  3de prys: Vleispak van R319
  Kontak Marie Swanepoel by 012 379 7898 of 012 379 1955

ANDER NUUS

Jurgens Bosch

- Die tweejarige **Jurgens Bosch** van Potgietersrus het op Woensdag 25 Mei ’n operasie ondergaan om katarakte wat hom spoedig blind sou maak, te verwyder. Die fonds wat opgerig is, het R27 000 ingesamel. ’n Bedrag van R8 000 word nog benodig om die rekening van R35 000 te vereffen. Lidmate kan nog bydra tot die fonds. Navrae kan by 082 821 6873 gedoen word. Die fonds staan onder beskerming van **To Care**, wat as nie-winsgewende welstandsorganisasie geregistreer is. Hul bankbesonderhede is soos volg:

  Rekeningnaam: To Care Foundation (Art 21)
  ABSA
  Rekeningnommer: 40-7119-9298
  Takkode: (Pretoria-Oos) 643156 (vir elektroniese betalings 632005)
  Swift Code: ABSA ZA JJ CPT (vir internasionale skenkings)
  Belangrik: Verwysing by elke inbetaling *Bosch*

- **Die Ondersteuningsraad** beskik vanaf 1 Julie 2011 oor die volgende **vakatures**:
  - Programbestuurder; mimimum 6 jaar statutêre ervaring in maatskaplike werk; vorige bestuurservaring sal ’n aanwins wees; area Vanderbijlpark/Heidelberg/Krugersdorp
  - Maatskaplike Werker; area Tarlton/Krugersdorp
  - Maatskaplike Werker; area Vanderbijlpark
  - Maatskaplike Hulpwerker; area Krugersdorp (onmiddellik beskikbaar)

  Vereistes: Registrasie by Raad vir Maatskaplike Diensberoepe; Kode 8-bestuurslisensie. Kontak Mariaan Steenkamp by **mariaans@nhk.co.za** of Charmaine Fourie by **oraadpb@nhk.co.za**, 012 322 8885 x313 of 071 684 7796.

- **Ons Tuis en Monumenttehuise (tehuise vir bejaardes)** beskik oor ’n **vakature** vir ’n **geregistreerde Maatskaplike Werker** (5/8-pos).

  Vereistes: Graad of diploma in Maatskaplike Werk; bewys van registrasie by SA Raad vir Maatskaplike Diens; geldige kode 08-bestuurslisensie; minstens 2 jaar ondervinding in maatskaplike werk, verkieslik met bejaarde persone.

  Addisionele vereistes: Vermoë om goeie verhouding met inwoners van tehuise op te bou, probleemareas te identifiseer, en nodige terapie daar te stel vir verligting van probleme; rekenaarvaardigheid; goeie administratiewe vaardigheid; belangstelling in personeelopleiding.

  Stuur CV aan: Die Bestuurder, Posbus 30104, Wonderboompoort 0033; faks 012 323 2127; e-pos **hf@otmt.org**. **Sluitingsdatum 6 Junie 2011.**

- Die ***Almanak/Bybelse Dagboek* van 2011** is nou beskikbaar teen **R50** per eksemplaar – dus halfprys! Bestel van mev Susann van Zyl, 012 322 8885 x291, faks 086 633 4054 of **sentik@nhk.co.za**. Posgeld sal bygevoeg word.

- **Vrydag 10 Junie 09:00 tot 15:30: Dagkonferensie**
  Mission shaped church
  NG Kerk Weltevreden, Corneliusstraat 1140, Weltevredenpark
  Biskop Graham Cray praat oor kerkplanting en vernuwing
  R100
  Bespreek **voor 1 Junie** by **admin@ngweltevreden.co.za**
  of skakel 011 475 5510
  Navrae aan prof Nelus Niemandt by 082 451 1670,
  dr Willem Pretorius by 083 560 6668, of ds Hettie Wessels by 083 254 6833

- **Saterdag 11 Junie 08:30 tot 13:00: Seminaar**
  Mission shaped church
  NG Kerk Kameeldrift, Pretoria
  Biskop Graham Cray, drr Marius Nel en Willem Pretorius
  R50
  Bespreek **voor 6 Junie** by **willem.pretorius@kameeldrif.ng.org.za**
  of **lesego.temane@up.ac.za**
  Navrae aan prof Nelus Niemandt by 082 451 1670
  of dr Willem Pretorius by 083 560 6668

- **Sondag 19 Junie: Nasionale Biddag vir Blindes**
  Bid asseblief vir al ons blinde lidmate
  en die ondersteunende organisasies

- Die **Sentrum vir Kontekstuele Bediening** van die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Pretoria, in samewerking met die Sentrum vir Bedieningsontwikkeling Excelsus, bied **gedurende Junie** die volgende **kursusse in Pretoria** aan:

  20-23 Junie
  Erediens en prediking
  Tweetalige aanbieding
  Kursusleiers prof Cas Wepener, dr Nelius Steyn en ander

  20-23 Junie
  Gemeentebou
  Kursusleiers prof Malan Nel en ander

  20-23 Junie
  Brugbediening
  (Deel van Gemeentebou-kursus)
  Kursusleiers prof Malan Nel, dr Howard du Toit en ander

Vir meer besonderhede, gaan na www.ccm.up.ac.za
of stuur 'n e-pos na **suki.vanjaarsveld@up.ac.za**

- Die **volgende vergaderings** vind tot 3 Junie plaas. Betrokkenes moet hulself asseblief vergewis van die korrekte vergadertye en lokale.

  - Vrydag 27 Mei: Raad van Finansies
  - Woensdag 1 Junie: Raad vir Pastoraat en Presbiteraat

KOMMENTAAR

Lesers kan kort kommentaar (uiters 100 woorde) stuur aan **produksie@nhk.co.za**. Langer bydraes sal nie geplaas word nie, en moet eerder na die gespreksforum van die Kerk se webblad by **www.nhk.co.za** gestuur word. Die finale besluit oor plasing in die *e-Hervormer* berus by die redakteur.

"Miskien troos dit Hervormde lidmate, maar die vraag *Wat maak ons met die Here se geld?* is ewe geldig vir waarskynlik al die kerkverbande. Op die webtuiste *Volkshervorming* (**www.dsgideon.co.za**) word hierdie en meer diepliggende vrae met waarskynlike antwoorde gevra. Ek vra, in aansluiting by ds Bacon, byvoorbeeld: Hoe gaan ons eendag die hemelse Vader antwoord oor waarom soveel klein gemeentetjies moes *toemaak*, die bediening van die evangelie gestaak moes word – omdat die dominee nie meer bekostig kon word nie?

Ek is bevrees dat hierdie saak nie binne die huidige kerkstelsels reggestel kan word nie. Dit vra wesenlike Reformasie."

Dr Gideon Grobler, VDM Gelofte Gemeente

"Niemand wat die wapen van die Hervormde Kerk in isolasie sien, sal ooit daaraan dink dat dit met kerk of godsdiens verband hou nie. Dit is in wese 'n staatswapen met vlae, 'n arend en ander geskiedkundige uitbeeldings van 'n republiek wat 110 jaar gelede opgehou het om te bestaan. Die kerkwapen was integraal met die staatswapen omdat die kerk van toe die Staatskerk was. Het dit nie tyd geword om meer van die ware karakter van die Kerk in sy ampswapen uit te beeld nie?"

Dr Ernie Jacobson, Lynnwoodrif

ADVERTENSIES

Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente uitgebreide inligting oor 'n projek wil bekendstel, kan in die ***e-Hervormer*** geplaas word, teen **R114 per plasing**. Die teks moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann, per e-pos na **produksie@nhk.co.za**, of per faks na 086 633 4059 of 012 322 7906. GEEN advertensie sal geplaas word sonder dié bewys nie. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan: Raad van Finansies; ABSA; tjekrekening nommer 020 000 287; takkode 632 005; **verwysing:** u naam + **e-Hervormer Ads.** Kontak mev Oppermann vir meer inligting.

AGTERBLAD

Bekeer julle!

Die Junie 2011-uitgawe van *Die Hervormer* word nou aan gemeentes gepos.

In hierdie uitgawe verskyn verkorte weergawes van die Kommissie van die AKV se oproep tot eenheid en dr Barry van Wyk se kerkregtelike nadenke oor doleansie. In sy redaksionele berig vertel dr Gerhard Lindeque van Hiskia, wat in die geskiedenis van Israel bekend was as 'n hervormer. Hy het nie geskroom om alles wat God se volk tot afgodery verlei het, uit te roei nie. Selfs nie die koperslang wat deur 'n volksheld soos Moses gemaak is nie. Hierdie koperslang was in 'n stadium 'n instrument waardeur die Here sy volk se voortbestaan verseker het. Maar in Hiskia se tyd het hierdie selfde koperslang 'n afgod geword aan wie die volk nou offers gebring het in plaas van aan die Here. Daarom het Hiskia, in gehoorsaamheid aan en in vertroue op die Here, die geloofsmoed gehad om die slang te vernietig.

Lees ook van twee predikante wat pas hul doktorsgrade verwerf het, ds Louis Pienaar wat verlede week na 'n kort en ernstige siekbed oorlede is, en 'n diaken van Gemeente Swartkop (vader van die redakteur) wat reeds 50 jaar lank as diaken in die Kerk dien.

Besoek **www.hervormer.co.za** en lees wat in uitgawes sedert Januarie/Februarie 2008 verskyn het.

Daar is ook 'n drukkersvriendelike weergawe (sonder foto's) van hierdie nuusbrief beskikbaar, wat vandeesweek 251 kilogrepe groot is. Vind die drukkersvriendelike weergawe by **www.hervormer.co.za**, of stuur 'n versoek na **karen@nhk.co.za** om dit weekliks te ontvang.

Redakteur: Dr Gerhard Lindeque
Subredakteur: Dr André Ungerer
Kerknuus: Dr Fanie Pretorius
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx